

Stamboek Times

IN 2026, NOOI ONS *jou* UIT NA:



Vleisbees BLUP & LOGIX Kursus

📅 25 - 26 Maart 📍 Bloemfontein



Kleinvee Inligtingsdag

📅 14 April 📍 Jansenville



Beef Cattle Information Day

📅 15 April 📍 Grahamstown



SA Stamboek Elite Nasionaal

📅 27 April 📍 Bloemfontein



Kleinvee BLUP & LOGIX Kursus

📅 20 - 21 Mei 📍 Pretoria



Vleisbees Winterskool

📅 3, 10, 17, 24 Junie 📍 Aanlyn



Kleinvee BLUP & LOGIX Kursus

📅 14 - 15 Julie 📍 Swellendam



Vleisbees BLUP & LOGIX Kursus

📅 16 - 17 Julie 📍 Paarl Weskaap



Kleinvee BLUP

📅 2 - 3 September 📍 Bloemfontein



Kleinvee Lenteskool

📅 9, 16, 23, 30 September 📍 Bloemfontein



SA Stamboek Trailblazer

📅 28 - 30 Oktober 📍 Bloemfontein

Sien jou by SA Stamboek Elite Nasionaal 2026!

SA Stamboek se jaarlikse Elite-toekenning vind hierdie April weer in Bloemfontein plaas. By hierdie besondere geleentheid wat op 27 April vanjaar plaasvind, vier en vereer ons die topboere en stoettelers wat met toewyding, dissipline en uitnemendheid werk.

Dit is hierdie uitsonderlike presteerders wat bekend is as 'die beste van die bestes' wat verhoog toe genooi word. Hierdie telers weet hoe om behoorlik en akkuraat aan te teken en hoe om die inligting en raad wat hulle van SA Stamboek ontvang, reg te gebruik.

Die Elite-geleentheid erken nie net uitsonderlike prestasie en diere nie, maar moedig alle telers aan om vol te hou, stelsels reg te gebruik en voortdurend te verbeter. Die geleentheid bied ook waardevolle tyd om te netwerk, bande te versterk en weer met ander top medeprodusente en die SA Stamboek-span te skakel. Die SA Stamboek Elite is nie net nog 'n inskrywing op die kalender nie, dit is 'n viering van toewyding en harde werk, 'n toonvenster van die room in die veebedryf, en 'n bewys van wat volhoubare vooruitgang in die bedryf behels. Sien jou daar!

BLUP

$$= \begin{bmatrix} \Delta U & X & Z & \begin{matrix} \text{ } \\ \text{ } \end{matrix} & x & V(Y) \\ 0 & Z & 0 & \begin{matrix} \text{ } \\ \text{ } \end{matrix} & Z^m & \\ & 0 & 0 & \times & Z^m & \begin{matrix} \text{ } \\ \text{ } \end{matrix} \\ V(Y) & 0 & 0 & - & V(a) & \end{bmatrix}$$



A balanced view on epigenetics in livestock

By Dr Japie van der Westhuizen

Epigenetics has become a buzzword in animal science, but it is often misunderstood. While the mechanisms are complex, the practical message is simple: Epigenetics influences how genes are expressed – not simply which genes animals carry.

For breeders, this distinction is crucial. What is important and will be shown is that the traditional and genomic BLUP systems already handle most (if not all) epigenetic effects exceptionally well, maintaining genetic accuracy. This is the case, even when environmental conditions distort an animal's phenotype (performance, reproduction or any other trait and expression).

What is epigenetics?

Epigenetics describes any changes in how genes are 'switched on or off' without changing the DNA sequence (the coding in the genome for genetic potential) itself.

These switches respond, to varying degrees, to environmental factors such as:

- Maternal nutrition.
- Stress.
- Environmental high temperature (and other climatic stressors).
- Disease exposure.
- Intake of toxins and mycotoxins.
- Mineral deficiencies.
- Colostrum transfer.
- Pasture quality.

Epigenetic changes are therefore particularly active **during pregnancy** (foetal programming) when organs, wool follicles, muscle fibres, and the immune system are formed. It is a critically important and often overlooked aspect in the management of pregnant females and its influence on the future performance of their offspring and even that of their grand progeny where the foetuses were female.

Why epigenetics matters

Epigenetics helps explain why two animals with similar genetics might perform differently when raised under different maternal or environmental conditions. Examples supported by research include:

Beef cattle

Gestational nutrition affects muscle fibre formation, immunity, fertility and carcass traits. Creep-feeding and/or early-life supplementation changes muscle methylation and improves weaning weight and marbling. Studies show that maternal stressors leave epigenetic marks in the foetus that later influence growth, immunity and resilience, this is linked to prenatal stressors, including thermal (heat) and undernutrition.

Dairy cattle

Heat stress in late gestation permanently reduces a daughter's milk yield and immunity. Studies show that dietary components such as methionine, lysine, choline, folate, and other micronutrients influence DNA methylation patterns that affect mammary gland gene expression and milk yield. Maternal nutrition during gestation and lactation can permanently alter epigenetic marks in offspring affecting milk production and composition later in life.

Optimising nutrients that serve as **methyl donors** (e.g., methionine) has been associated with changes in offspring gene expression favouring better immunity and metabolic efficiency – a beneficial epigenetic effect relevant to breeding outcomes. Nutrient-driven epigenetic modulation can modulate the expression of beneficial pathways related to immune function and health resilience in dairy cows.

Wool sheep

Mid-gestation nutrition affects lifetime wool follicle density. Late gestation nutrition through early post-natal life influences the expression of keratin and keratin-associated protein genes, with measurable effects on fibre diameter, staple strength and fleece

growth. Heat stress or feed restriction during pregnancy induces epigenetic changes that reduce lamb birthweight, wool growth, and resilience.

Epigenetic regulation of immune-related genes contributes to variation in parasite resistance (e.g., *Haemonchus contortus*), helping explain why resilience can respond rapidly to management and selection beyond DNA sequencing alone.

Mohair and cashmere goats

DNA methylation regulates secondary hair follicle cycling, affecting fibre quality which is especially influenced during mid-gestation. Maternal under- and imbalanced nutrition can permanently reduce follicle density.

Cashmere growth is tightly linked to day length; melatonin signalling induces epigenetic regulation of follicle cycling genes. Nutrition during late gestation and early post-natal life modifies epigenetic regulation of keratin and keratin-associated protein (KAP) genes in skin, affecting fibre diameter, medullation, and staple characteristics in Angora goats. Nutritional or thermal stress during pregnancy leaves persistent epigenetic marks in foetal skin and endocrine tissues, leading to lower fibre yield, coarser fibres and reduced resilience later in life.

Meat sheep and goats

Maternal under-nutrition affects rumen development and growth, while epigenetic signatures support climate adaptation. The effects are similar to that in beef cattle.

Key insights


Epigenetics, rather than DNA that breeders base their selection on, affects performance. Epigenetic effects may in certain cases alter performance, sometimes dramatically. However, they are mostly not heritable beyond one or two generations and are driven largely by environment, not genetics.

These facts are critical and beg the question: "Does this threaten genetic selection and distort BLUP breeding values?"

It is a common misunderstanding that epigenetics undermines breeding values. This is far from the truth because in reality the structure of BLUP is specifically designed to separate environmental effects ('noise'), including epigenetics, from true genetic merit. Even at a time when epigenetics might be on many sceptics' lips, it is the

unsung strength of BLUP methodology. BLUP compares animals within their contemporary groups and across relatives to separate true genetic merit from short-term, non-heritable influences, allowing accurate breeding values to be estimated even when performance is affected by environmental conditions (Figure 1).

Figure 1: Animal performance in beef cattle, dairy cattle, sheep and goats influenced by genetics, and environmental and epigenetic effects.



Contemporary group effects

The key to comparing the performance of animals remain their like-for-like performance against that of their peers, irrespective of the methodology used in the predictions. Animal performance is based on the genes that are expressed in that specific environment. It is therefore no surprise that BLUP estimated breeding values (EBVs) are, and have always been, based on how animals perform relative to their contemporaries – same farm, same season, same management group (e.g. camp, supplement, feeding regime, etc.).

This is powerful because:

- If gestational nutrition was poor, this will be the case for all the calves/lambs/kids in the same group, and they will be equally affected. BLUP treats this as an environmental effect, not as genetics.
- If heat stress at lambing leads to depressed growth, the entire group shifts equally, but rankings within the group remain accurate.
- If a drought year reduces milk production, BLUP will subtract the group effect automatically. Similarly, the ranking within the group is what matters.

IMPORTANT CONCEPT:

Epigenetics mostly acts **at group level**, and BLUP absorbs this effect cleanly.



SUSSEX CATTLE SOCIETY OF SOUTH AFRICA



JOIN OUR WHATSAPP GROUP

sussex.co.za | 082 922 4616

sussex@studbook.co.za



Manufacturer of:

**Mechanical Trimming Blades,
Feed Mixers, Augers, Muck Spreaders,
Hammer Mills & Pellet Machines**



023 342 6070

www.rumax.co.za

Samuel Walters Straat 1, Worcester

Environmental noise

Even when epigenetic differences occur **within** a contemporary group (different responses from individual animals), BLUP treats them like any other environmental deviation. They do not distort breeding values unless they are repeated consistently across relatives. This means it only occurs within related animals (or genetic 'lines'). Any 'once-off' effect is absorbed as residual variance (non-explained variance in performance).

IMPORTANT CONCEPT:

BLUP focusses on **repeatable family patterns**, not temporary environmental variation.

An accurate picture

BLUP tracks relatives and therefore gives a much more accurate picture of true genetic differences among animals based on genetic variation and which are transferable across generations. Even if a calf or lamb underperforms, it may be due to epigenetic suppression (masking of its genes due to methylation):

- BLUP compares it to **parents, half-siblings, progeny, and extended relatives**.

This needs to be well-understood as BLUP not only makes use of the relative performance of individuals, but also takes every related family member's performance in their respective contemporary groups into account.

- The system recognises when poor or good performance is a one-time environmental result or only linked to one animal in the family and therefore not a genetic weakness or strength.

IMPORTANT CONCEPT:

A single weak calf from a good cow does not destroy the cow's breeding value, nor does a single outstanding calf suddenly make a poor cow a top breeder. The **family signal** remains intact because all relationships are considered and accounted for in BLUP breeding values.

Beyond the fold with gBLUP

Genomic BLUP or gBLUP refers to BLUP breeding values that are enhanced by the inclusion of genomic information (genetic code) in the predictions. gBLUP:

- Measures true genetic relationships among all genotyped animals directly.
- Increases accuracy of predicting the true genetic merit in young, not yet recorded animals.
- Therefore captures genetic potential masked by environmental noise even better.
- Reduces bias from unequal management or variable maternal conditions.
- Detects additive genetic merit (the breeding value) even when epigenetics might suppress or emphasise the phenotype (physical expression of the trait).

This makes gBLUP particularly powerful in herds with inconsistent management, drought stress, or varied nutritional conditions.

From noise to fair genetic values

Epigenetics may mask genetic potential, but BLUP uncovers the genetic ranking by comparing animals fairly within their (environment and treatment) groups. Breeders worldwide, across dairy, beef, mutton, wool, and mohair trust BLUP-based breeding values.

Given that the simple rules are followed, namely recording pedigrees and objective recordings of performance within properly defined contemporary groups, BLUP:

- Adjusts for environmental effects causing performance differences.
- Adjusts for management interventions or adaptations.
- Adjusts for epigenetic differences that might cause performance differences.
- Tracks genetic merit through family connections.
- Finds the underlying genetic signal.
- Ranks animals accurately for selection.

IMPORTANT CONCEPT:

BLUP doesn't need to know **why** performance differs. It only needs to know **when** and **where** animals differ. This simplicity is its power.

Practical take-home messages for breeders

- *Epigenetics is real* and might be important to a variable degree, especially in gestation, immune response, wool and mohair follicle development, early growth, and heat stress adaptation.
- *Manage pregnant females carefully.* Nutrition and stress avoidance pay off across the lifetime of offspring when breeding females are looked after, especially prior to and during pregnancy.
- *BLUP already protects your breeding programme from epigenetic distortions.* You can therefore select with confidence if you follow the rules of diligent recording and correctly defined contemporary groups.

- *gBLUP strengthens accuracy even further.* Strategic genotyping pays off and assists even better in accurate genetic predictions, especially in harsh climates, variable management conditions, or small contemporary groups.
- *Epigenetics explains biology but ... BLUP preserves genetics.*

For more information and references, send an email to japievdw@gmail.com

Die invloed van korrektiewe paring op seleksie

Deur dr Helena Theron

Gevestigde telers sal dikwels nie 'n bul koop sonder om die bul se moeder ook te bestudeer nie, aangesien 'n mens nie kan verwag dat 'n bul met 'n swak moeder goeie dogters sal teel nie. Hierdie beginsel maak sin en het ook 'n genetiese onderbou.

Telers het soms 'n koei met swakkerige eienskappe of teelwaardes, maar omdat sy elke jaar kalf, bly sy in die kudde. Deur haar sogenaamd korrektief te paar – met ander woorde om 'n bul uit te soek wat uitstekend is in die eienskappe waarin sy swak is – kan sy 'n beter kalf teel. Die kalf sal teoreties gemiddeld tussen die ouers wees en sodoende sal sy dan kalwers teel wat beter as sy is. Hierdie stelsel werk baie goed vir die meeste eienskappe, soos groei en bouvorm. Sy kan dan vervang word deur 'n dogter wat beter as sy is, en so word die kudde geneties verbeter.


Telers moet egter bedag wees op die effek van korrektiewe paring, en dat dit met groot omsigtigheid gebruik moet word by die teel van bulle. Met korrektiewe paring verskil die bul en 'n koei se teelwaardes baie, wat beteken daar is 'n groter kans dat die kalf se teelwaarde sal afwyk van die midouer

waarde (*Figuur 1*). Gestel 'n koei met 'n EBVi (teelwaarde-indeks) vir melk van 80, word korrektief gepaar met 'n bul met 'n EBVi van 120 vir melk. Aanvanklik sal die kalf 'n midouerteelwaarde ontvang, dus 100. Indien dit 'n bulkalf is, sal 'n koper aanvaar hy koop 'n bul met 'n gemiddelde melkteelwaarde. In werklikheid is daar egter, weens die korrektiewe paring, baie variasie in die bul ingeteel. Die klokvormige verspreiding is dus plat, met 'n groter kans vir nageslag verder vanaf die gemiddeld.

Verder kom data van sy dogters wat kalf redelik drupsgewys in (een of twee per jaar), in teenstelling met speenteelwaardes, waar 'n redelike groepie gelyk inkom en die speenteelwaarde dus redelik akkuraat op 'n jong ouderdom bepaal kan word.

Dus kom 'n wye verskeidenheid van dogters met meer en minder melk (weens die variasie wat hy teel) oor 'n lang tyd in, wat onstabiliteit in die melkteelwaardes mag veroorsaak. Die kans dat 'n bul uit 'n korrektiewe paring vir melk baie variasie sal teel, met ander woorde dogters met minder en meer melk, is goed.

Figuur 1: Effek van korrektiewe paring.



Die RPO – vir produsente, deur produsente



☎ 012 349 1102

✉ corine@rpo.co.za

🌐 www.rpo.co.za

RPO

Rooivleisprodusente
Organisasie

As suksesvolle telers se raad egter gevolg word en bulle geteel word uit die beste bul op die beste koei, dan in die kans om 'n goeie bul te teel heelwat groter. Indien die bul en die koei se teelwaardes naby mekaar is, is daar minder kans vir variasie in die nageslag (*Figuur 2*). Met so 'n paring kan beide ouers 'n sterk bydrae tot die kalf se genetika maak. Die klokvormige verspreiding is ook baie nouer; dus is die kans vir 'n gemiddelde kalf beter en vir 'n ekstreme kalf kleiner. Kortliks gestel: Jy is baie sekerder wat jy gaan kry.


Wanneer dan korrektiewe paring gebruik?

Korrektiewe paring is 'n uitstekende manier om die verskalwers van swakker koeie te verbeter, sodat hulle in die kudde opgeneem kan word. 'n Swakker koei het nie 'n groot effek in die kudde nie, omdat sy slegs een kalf per jaar het.

Wanneer om nie korrektiewe paring te gebruik nie

Koeie wat in sekere eienskappe swak is, veral melk en vrugbaarheid, se seuns behoort nie as teelbulle gebruik te word nie, omdat daar 'n kans is dat haar swakheid na haar seun oorgedra word. 'n Bul uit 'n korrektiewe paring vir byvoorbeeld melk, het 'n aanvaarbare teelwaarde terwyl hy jonk is en die teelwaarde grootliks op midouerwaarde beraam word.

Figuur 2: Effek van nabye teelwaardes in bulle en koeie.





*Die beste en veiligste manier om 'n bul te teel,
is deur net die beste koeie met die beste bulle te dek.*



Sodra sy dogters kalwers speen, kan bepaal word watter geenkomplement hy vanaf sy ouers gekry het. Indien hy na sy swakker ouer aard, is die skade in die kudde reeds gedoen – buiten dat sy dogters wat reeds gekalf het minder melk het, is daar moontlik reeds dragtige dogters en verskalwers in die kudde. Hoewel hy waarskynlik dogters sal teel met aanvaarbare melk, kan dit eers bepaal word as hulle hul kalwers gespeen het.

Die teler het dus minder opsies vir seleksie, juis omdat die bul nie teel soos verwag nie.

Daar is heelwat voorbeelde waar 'n bul uit 'n korrektiewe paring wel 'n midouerteelwaarde, of selfs 'n teelwaarde nader aan die beter ouer, ontvang het. Dit is egter veiliger om die risiko in ag te neem, sou die bul 'n swakker kombinasie van gene vanaf sy ouers ontvang.

Die beste en veiligste manier om 'n bul te teel, is deur net die beste koeie met die beste bulle te dek. Slegs uitgesoekte bulmoeders, soos verskeie ervare en gevestigde telers sal bevestig, is goed genoeg om bulle mee te teel.

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos aan helena@studbook.co.za

AGRICULTURE COMFORT & SAFETY SOLUTIONS.

 **DUNLOP**
PROTECTIVE FOOTWEAR

DUNLOP. CARE BEYOND SAFETY.

Cois Viljoen
082 805 0405
cois@dunlopboots.africa
www.dunlopboots.africa



Light in the FMD tunnel: ICC reports welcome progress

Following its formal appointment earlier this month, the foot-and-mouth disease (FMD) Industry Coordinating Council (ICC) convened again on 30 January to fast-track a number of urgent priorities. This comes amid rising tensions regarding the handling of the FMD situation, along with threats of legal action against the state. A number of key issues were identified and discussed during the meeting. [Click here](#) to read more.

The FMD vaccination drive: A current fact sheet

Completing the vaccination of 80% of the national cattle herd by the end of the year and achieving FMD-free without vaccination status within ten years – that is the aim of the recently announced foot-and-mouth (FMD) eradication strategy of the minister of agriculture, John Steenhuisen.

Is this achievable? Very much so, according to role-players, provided that everyone does their part speedily and efficiently. [Click here](#) to read more.

Safe, reliable pregnancy monitoring during Foot-and-Mouth Disease (FMD) outbreaks

Identify open cows in just **20 minutes** with the **Alertys OnFarm Pregnancy Test**

- ✓ Detect open cows from 28 days post-breeding
- ✓ No external farm visits needed
- ✓ Test as many cows as needed, anytime

Contact Stud Book for more information!



SA STAMBOEK STUD BOOK **IDEXX**

Bek-en-klouseer in 'n melkkudde: Lesse uit die praktyk

Deur dr Japie van der Westhuizen en Thalia Brameld

Bek-en-klouseer (BEK) is een van die mees ontwrigtende siektes wat 'n melkprodusent kan tref; nie net weens die direkte produksieverliese nie, maar ook die emosionele, logistieke en bestuursdruk wat dit meebring. Joubert Fourie van Limpopo Melkery deel sy ervarings nadat BEK onlangs in hul melkkudde uitgebreek het. Hy gesels ook oor die praktiese lesse wat hulle gehelp het om die krisis te bestuur en relatief vinnig daarvan te herstel.

Biosekuriteit: Die eerste verdedigingslinie

Volgens Fourie is biosekuriteit nie iets wat eers tydens 'n uitbreking ernstig opgeneem moet word nie. “'n Mens besef eers regtig die waarde van streng biosekuriteit wanneer jy sien hoe verwoestend hierdie siekte is,” sê hy.

Die fokus moet wees om die siekte binne die plaas te hou en te voorkom dat dit verder versprei – nie net ter wille van jou eie kudde nie, maar ook uit verantwoordelikheid teenoor die bedryf. Hy beveel aan dat boere vooraf protokolle in plek het: wat om te doen,

wie verantwoordelik is, en watter middels beskikbaar moet wees.

Voorraad en toegang tot medikasie

Een van die grootste uitdagings tydens die uitbreking was die tekort aan noodsaaklike middels, veral anti-inflammatoriese middels en antibiotika vir sekondêre infeksies. In die eerste tien dae kon slegs 'n beperkte aantal koeie behandel word weens 'n gebrek aan voorraad. Hy glo dat tydige en konsekwente behandeling van die hele kudde help om die herstelproses te versnel.

ESTROTECT™ BREEDING INDICATOR

www.aghold.co.za | info@aghold.co.za
+27 83 400 4055 | +27 71 390 4941

GEE KOEI- EN VERS- DRAGTIGHEIDSPOTENSIAAL 'N HUPSTOOT

ESTROTECT™ teelaanwysers toon die intensiteit van bronsdigheid aan soos bepaal deur verhoogde pogings om vroulike diere te dek, sodat jy nie net weet wanneer jou koeie bronsdig is nie, maar ook hoe groot die waarskynlikheid is dat hulle dragtig kan raak en die dragtigheid kan handhaaf.

HOË BRONSTIGHEID- INTENSITEIT



ESTROTECT™
BREEDING INDICATOR
PATENTED Patents Pending

Hoër waarskynlikheid om dragtig te raak.

Teel met hoër-waarde-semen, geslagsbepaalde semen of embrio-oordrag

>50% AFGEVRYF

LAER BRONSTIGHEID- INTENSITEIT



ESTROTECT™
BREEDING INDICATOR
PATENTED Patents Pending

Kleiner waarskynlikheid om dragtig te raak.

Teel met laer-waarde-teel-materiaal of wag om te teel totdat die koei hoër vlakke van bronsdigheid-intensiteit toon.

<50% AFGEVRYF

LAE TOT GEEN BRONSTIGHEID- INTENSITEIT



ESTROTECT™
BREEDING INDICATOR
PATENTED Patents Pending

Dragtigheid onwaarskynlik.

Moenie teel nie. Wag totdat die kol toenemende dekpogings aandui in die matige tot hoër bronsdigheid-intensiteitsreeks.

GEEN AKTIWITEIT

©2025, Estroject, Breeding Bullseye and As Good As A Bull are trademarks of Rockway Inc.

The Dairy Standard Agency - Independently driving scientifically based, sustainable dairy production and product compliance - safe production for safe consumption.



**DON'T CRY OVER SPILT MILK.
TESTING IS KNOWING.
BE COMPLIANT.**



012 665 4250
info@dairystandard.co.za
www.dairystandard.co.za

Fat | Protein | Lactose | Somatic cell counts | Bacterial cell counts

- **HOU** voldoende anti-inflammatoriese middels aan vir pyn- en inflammasiebeheer.
- **WEES** voorbereid op sekondêre infeksies, veral pootinfeksies en mastitis.
- **BESEF** dat baie van hierdie middels geen melkonttrekking toelaat nie; beplanning is dus noodsaaklik.

Individuele sorg maak 'n verskil

Hoewel groepsbestuur onvermydelik raak namate die uitbreking vorder, beklemtoon Fourie die waarde van individuele aandag, veral in die vroeë stadiums. Koeie met ernstiger simptome het meer intensiewe sorg ontvang as dié met ligter tekens van die siekte. "Dit het ons gedwing om weer baie fyn na elke dier te kyk – en dit het beslis 'n verskil gemaak," sê hy.

Immuniteit kan nie oornag reggemaak word nie

'n Belangrike les was dat 'n koei se immuniteitsvlak nie tydens 'n krisis opgebou kan word nie. Wanneer BKS toeslaan, daal immuniteit vinnig en aanvullings wat eers dan gegee word, het beperkte waarde. Die boodskap is duidelik: bou immuniteit vooraf, met voldoende minerale en voeding wat bene, kloue en algemene weerstand ondersteun.

Wees katvoet vir 'wonderoplossings'

In tye van krisis word boere oorval met raad, advertensies en sosiale media-video's wat vinnige oplossings belowe. Fourie waarsku teen impulsiewe besluite. "Elke plaas is anders, elke uitbreking lyk anders, en niemand het al die antwoorde nie."

Bly dus kalm, neem wyse, ingeligte besluite, en vermy onnodige uitgawes op onbeproeft middels wat die finansiële druk net verhoog.

Bestuur, rekordhouding, visuele merk en identifikasie

Een van die praktiese stappe wat goed gewerk het, was kleurmerke wat op geïnfekteerde diere aangebring is om spesifieke behandeling te identifiseer naamlik anti-inflammatoriese behandeling, behandeling vir sekondêre infeksies en mastitisbehandeling. Dit het gehelp om verwarring te voorkom en seker te maak dat elke koei reg behandel word.

Goeie rekordhouding was en bly noodsaaklik; nie net tydens die uitbreking nie, maar ook vir opvolg en evaluering daarna.

Beplan vir isolasie en fasiliteite

Isolasie is belangrik, maar net in die vroeë stadiums. Binne 'n paar dae was dit nie meer prakties moontlik nie. Fourie beveel aan dat die volgende vooraf beplan word:

- Waar sal siek diere gehuisves word?
- Hoe groot is die hospitaalkraal regtig?
- Wat gebeur wanneer mastitis op groot skaal ("massaal") begin voorkom?

Hierdie logistieke druk kan vinnig 'n plaas oorweldig as dit nie vooruit deurdink is nie.

Die emosionele tol en besluitneming

Fourie is eerlik oor die emosionele impak van BEK. "As jy 'n emosionele besluit neem, gaan jy waarskynlik 'n uur later 'n ander besluit neem," sê hy. Kalmte, selfbeheersing en spanwerk was noodsaaklik. Daaglikse besluite was nie altyd perfek nie, maar dit was op daardie oomblik die beste beskikbare opsies.

Arbeid, droë koeie en kalwers

'n Groot les was om werkers se rolle vooraf duidelik toe te ken, veral vir droë- en varskoeie wat maklik afgeskeep kan word. Kalwers is so lank as moontlik weggehou van die siekte. Fourie beklemtoon die belangrikheid daarvan om altyd bevrore kolostrum beskikbaar te hê, aangesien kolostrum van siek koeie nie veilig is om te vries of te gebruik nie. Maak ook net van gesonde surrogaatmoeders gebruik om kalwers ook gesond te hou.

Melkproses en toerusting

Die uitbreking het gelei tot hoë somatiesse seltellings, baie hoë bakteriese tellings, en verstopte melkfilters en toerusting. Noukeurige inspeksie en instandhouding van die melkstelsel was noodsaaklik om verdere verliese te beperk.

Herstel en hoop

Na ongeveer 25 dae het hulle gesien hoe melkproduksie begin herstel. Van 'n laagtepunt van net sowat 7 500 liter per dag, het produksie stadig weer begin styg na ongeveer 10 000 liter per dag, 25 dae na die uitbreking. Die pad na die kudde se normale 27 000 liter per dag is steeds lank. "Ons is egter dankbaar dat ons relatief vinnig begin

herstel het. Ek weet van plase wat maande lank gesukkel het," sê Fourie.

Sy slotboodskap aan medeprodusente is eenvoudig: Wees voorbereid, bly kalm, sorg vir jou diere, en moenie alleen probeer deurdruk nie. BEK is 'n harde leermeester, maar met goeie bestuur, dissipline en samewerking is herstel moontlik.

Key takeaways for managing an FMD outbreak in a dairy herd

- **Biosecurity is non-negotiable.** Strict measures and pre-planned protocols significantly reduce chaos and limit further spread during an outbreak.
- **Be prepared with medication.** Ensure adequate supplies of anti-inflammatory drugs, antibiotics for secondary infections, and make sure mastitis treatments are available in advance.
- **Individual animal care remains critical.** Cows with severe symptoms require more intensive attention; blanket treatment approaches are ineffective.
- **Immunity cannot be built during a crisis.** Nutritional and mineral support must be optimised well before an outbreak occurs.
- **Avoid rushed decisions driven by rumours or social media.** Every farm and outbreak is different; calm, informed decision-making is crucial.
- **Good record-keeping and visual identification prevent confusion.** Clear treatment tracking ensures consistency and reduces errors.
- **Plan ahead for isolation, facilities and labour.** Hospital pens fill up quickly; staff roles and responsibilities should be defined beforehand.
- **Protect calves and maintain a frozen colostrum reserve.** Colostrum from infected cows is unsuitable for use.
- **Monitor milking systems closely.** Elevated bacterial counts and blocked filters can compound losses if not addressed promptly.
- **Calm, disciplined management supports recovery.** Despite severe economic pressure, structured decision-making and teamwork allow for faster recovery.

Skandeer die **QR-kode** om te kyk na terugvoer oor die Limpopo BEK-werkswinkel, waarin Joubert gesels oor hulle hantering daarvan by Limpopo Dairy.



Maternale vermoë by kleinvee: Is seleksie sinvol?

Deur dr Bernice Mostert

'n Jong lam se speengewig word beïnvloed deur sy eie genetiese potensiaal om te kan groei, die omgewing en bestuur waaraan hy of sy blootgestel word, en die moeder se vermoë om goed vir haar lammers te sorg. Vir die lam is die moeder se vermoë om haar lammers groot te maak 'n omgewingseffek op sy/haar groeitempo en kondisie.

Die grootste faktore in die goeie grootmaak van lammers, lê in die melk wat ooie tydens soging vir hul lammers beskikbaar het. Hierdie moederlike vermoë het 'n betekenisvolle genetiese onderbou, wat doeltreffend met seleksie verbeter kan word.

Meet van moederlike vermoë

Vir enige kudde, selfs waar ramme geteel word vir terminale kruisteling, is die vermoë van ramme om dogters met goeie maternale vermoë te teel, baie belangrik. Dit is omdat vervangingsooitjies geteel moet word vir die behoud en uitbreiding van kuddegroottes.

Maternale vermoë word gemeet deur elke ooi se lammers te vergelyk met die lammers van ander wat in dieselfde kontemporêre groep grootgemaak is en dus aan presies dieselfde omgewingstoestande blootgestel is. Hierdie inligting word ook gekoppel aan die prestasie van al die ooi se vroulike verwantes se lammers in die kontemporêre groepe waarin hulle lammers gespeen is. Alhoewel 'n ram nie self lammers grootmaak nie, dra hy hierdie maternale genetiese vermoë in sy eie genetiese kode oor na sy nageslag (dogters en seuns).

Wanneer 'n jong ram se maternale genetiese vermoë dus voorspel word, bly hierdie voorspelling op sy midouerwaarde (gemiddeld van sy vader en moeder se genetiese vermoë), totdat sy dogters lammers gespeen het. Sy direkte speenteelwaarde word bepaal uit die speeninligting van sy lammers (eerste generasie). Dit is dus 'n vergelyking van sy lammers se prestasie met dié van ander lammers wat in dieselfde kontemporêre groep gemeet is.

Op daardie stadium is daar egter nog nie veel ekstra inligting (behalwe die midouerwaarde) oor die gene wat so 'n ram vir maternale waarde besit nie. Op grond van sy dogters se prestasie om lammers te speen (dus tweede-generasie inligting) teenoor dié van die ander ooie wat lammers in dieselfde kontemporêre groep gespeen het, sal dan bepaal word of die ram 'n swakker of beter genetiese komplement as sy ouers se gemiddeld vir maternale vermoë ontvang het.

Praktiese voorbeelde

Hierdie genetiese vermoë en die voordeel daaraan verbonde, kan met 'n paar voorbeelde geïllustreer word. Dit wys hoe die genetiese meriete in twee kuddes verander het en die effek daarvan op werklike speengewigte. Hou in gedagte dat die ramme en ooie se nageslag in dieselfde kontemporêre groepe gespeen is en dat dieselfde vaders en moeders betrokke was (gemiddeld oor die speengroepe).

The Original EASYWEAN[®] NoseRing[®]
No Fuss Weaning Solution

- WEAN WITH EASE
- NO STRESS
- NEXT TO MOTHER
- IMPROVE PRODUCTION AND INCREASE PROFITS

A practical solution to reduce weaning stress

Whole Concepts ☎ +27 82 459 9451
✉ judy@nosering.co.za
🌐 www.nosering.co.za

“Let’s cut to the chase”

Daar heers soms skeptisisme oor die Boran as ras in die kommersiële mark. Ons is hier om daardie persepsies uit te daag!

Ons onlangs suksesvolle kommersiële boere besoek wat die teendeel bewys.

Kyk na ons opwindende ‘Changing Perceptions’-reeks, waar ons die moeilike vrae aanspreek wat Boran-boere dikwels teëkom. Ons nooi alle veeboere uit om saam met ons op hierdie opwindende reis te gaan!

Jy mag verras wees deur die waardevolle insigte van hierdie boere, soos ons die Boran vanuit ‘n. opgeskerpte kommersiële perspektief aan jou bied.

Vandag, meer as ooit, staan ons met selfvertroue agter die Boran: ‘n veelsydige, lae-onderhouds bees wat sy plek in die kommersiële mark op meriete verdien!



CHANGING PERCEPTIONS REEKS

SCAN QR KODE
OM DIE EPISODES
TE KYK



#changingperceptions



SERVICE EXCELLENCE

At BKB we value the importance of trust. Trusting that the rains will return and that the land will produce for those who nurture it. Knowing that trust cannot be bought, but rather earned over time through our actions and our commitment to you, through the good times and bad. We take pride in the relationships we have built with generations of clients, each underpinned by integrity and bound through a look in the eye and the shake of a hand.

WWW.BKB.CO.ZA



To scan, download
a free QR Code app

#SustainabilitySynergised

PEOPLE | PLANET | PROFIT

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | SUSTAINABILITY

#IntegrityIntegrated

Kudde 1 het aanvanklik bogemiddelde genetiese vlakke vir speen maternaal gehandhaaf, maar redelik drasties versleg en onder die rasgemiddeld gestabiliseer. Die ooie in hierdie kudde was in 2008 op die hoogste genetiese potensiaal vir speen maternaal. Die nageslag van hierdie ooie was gemiddeld +0,89 fenotipiese indekspunte bo die gemiddeld van hul kontemporêre groepe (die lammers beduidend swaarder), terwyl die ramme wat in 2008 gebore is, se nageslag 0,35 fenotipiese indekspunte onder die gemiddeld van hul kontemporêre groepe presteer het (ligter lammers).

Die vermoë van hierdie ooie om hul bogemiddelde genetiese maternale potensiaal te verwesenlik, het daartoe gelei dat hul nageslag beter as die kontemporêre groeps-gemiddeldes presteer het. Dit het 'n ekstra voordeel gehad bo die nageslag van die 2008-gebore ramme, omdat hierdie

ramme se bogemiddelde genetiese vermoë vir speen maternaal eers in hulle dogters se speennageslag na vore sal kom.

Kyk ons egter in dieselfde kudde na die prestasies van nageslag van die 2020-gebore ooie, dan was hulle gemiddeld 0,44 fenotipiese indekspunte onder (ligter as) die gemiddeld van hul kontemporêre groepe.

Die 2020-gebore ramme se nageslag het 0,53 fenotipiese indekspunte bo die gemiddeld van hul kontemporêre groepe presteer. Die swak maternale genetiese vermoë wat deur hierdie ooie tot uiting kom, het dus hulle lammers benadeel en daartoe gelei dat hulle swakker as die kontemporêre groeps-gemiddeld presteer het en baie swakker presteer het as die nageslag van die 2020-gebore ramme, waar die swakker maternale vermoë van die 2020-gebore lammers eers in hulle dogters se speenprestasië tot uiting sal kom.

Kudde 2 se genetiese vlakke vir speen maternaal was oor die algemeen bokant die rasgemiddeld. Die nageslag van die 2008-gebore ooie in hierdie kudde was 1,85 fenotipiese indekspunte bo (swaarder as) die gemiddeld van hulle kontemporêre groepe. Net so het die 2008-gebore ramme se nageslag 0,88 fenotipiese indekspunte bo die gemiddeld van hul kontemporêre groepe presteer. Hierdie goeie genetiese vermoë van die 2008-gebore ooie het dus hulle nageslag bevoordeel om bo die gemiddeld van hulle kontemporêre groepe te presteer. Die bykomende voordeel bo die nageslag van die 2008-gebore ramme, is dat die 2008-gebore ramme se maternale vermoë eers in die speenprestasië van hulle dogters uitgedruk word. Vir kudde 2 was die 2020-gebore ooie se

genetiese vlak vir speen maternaal hoër as dié van die 2008-gebore ooie. Hulle nageslag was 1,94 fenotipiese indekspunte bo die gemiddeld van hul kontemporêre groepe, terwyl die 2020-gebore ramme se nageslag 0,06 fenotipiese indekspunte onder die gemiddeld van hulle kontemporêre groepe presteer het. Hierdie ooie se hoë genetiese potensiaal vir speen maternaal het dus hulle nageslag verder bokant die fenotipiese gemiddeldes van hulle kontemporêre groepe teenoor met die 2008-gebore ooie se nageslag. Hulle het 'n sterk bykomende voordeel bo die nageslag van die 2020-gebore ramme gehad, omdat hierdie ooie hul genetiese potensiaal tot uiting kon laat kom. Die 2020-gebore ramme se genetiese vermoë vir speen maternaal het eers in hul dogters se prestasië sigbaar geword.

Slotsom

Dit is duidelik dat, met dieselfde hulpbronne, ooie met beter genetiese potensiaal vir maternale speengewig swaarder lammers sal grootmaak as ooie met laer genetiese potensiaal. Alhoewel ramme se teelwaardes vir speen maternaal langer vat om akkuraat voorspel te word, is dit altyd belangrik om seker te maak dat hulle geteel is uit ouerlyne

met 'n aanvaarbare genetiese vermoë vir speen maternaal.

Waak egter teen uitermatige hoë genetiese vlakke vir speen maternaal, aangesien te veel melk 'n vermorsing van energie vir die ooi sal teweegbring en die ooi langer sal neem om weer dragtig te word.

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos aan bernice@studbook.co.za

Read **all about it: Functional efficiency in small stock**

Functional efficiency, the combination of structural soundness, adaptability, mobility, mothering ability, and reproductive capability, is as important as genetic merit for economically important, measurable traits. South African small-stock breeders' societies and decades of producer experience consistently reinforce this principle: Animals

must be able to work in real conditions and therefore must be structurally sound. In the February issue of Veeplaas and Stockfarm, Dr Japie van der Westhuizen discusses adapted sheep and goat breeds, and functional traits that allow for functional production. Click here for [Stockfarm February 2026](#) and here for [Veeplaas February 2026](#).

SA Stamboek op LandbouRadio en RSG Landbou



LandbouRadio, 3 November & RSG Landbou, 6 November: Dr Bobbie van der Westhuizen gesels oor die opwindende ID Trax-toepassing. [Klik hier](#) om na die program te luister of [klik hier](#) om na die gesprek op RSG Landbou te luister.



LandbouRadio, 11 November: Dr Helena Theron gesels oor inteling versus lynteling. [Luister hier](#) na die uitsending.



LandbouRadio, 25 November & RSG Landbou, 11 Desember: Kobus Bester, voorsitter van die SA Stoettelersfederasie, gesels oor dié liggaam se doel en funksies. Luister [hier](#) of [hier](#) na die gesprek.



LandbouRadio, 13 Januarie: Thalia Brameld gesels oor die Logix Elite-punttoekenning vir melkbeeste. [Klik hier](#) om na die program te luister.

BONSMARA: DIÉ ROOI RAS

Die beste keuse onder die son vir

Veldaanpasbaarheid • Goeie moedereienskappe
Uitstekende groei • Goeie karkasse
Kalm temperament • Kruisteling

051 448 6084

info@bonsmara.co.za
www.bonsmara.co.za

In die nuus: Stoetbedryf staan saam

SA Stamboek en die Lewendehawe Registrerende Federasie (LRF) het die strydbyl begrawe vir 'n groter saak: Die oorlewing van die Suid-Afrikaanse stoetbedryf. Daar is die Stud Breeders Federation of Stoettelersfederasie (SBF) verlede jaar in die lewe te roep.

Die doel van dié federasie is om op die hoogste vlakke van gespreksvoering 'n stem vir die bedryf te wees oor knelpunte wat die hele stoetbedryf raak. Tipiese voorbeelde sluit strategiese prioriteite rondom bek-en-klouseer (BEK)-beleid, naspeurbaarheid, vleisgraderings en plaaslike markte in. Lees meer hieroor op Agriorbit ([klik hier](#)) of op Landbou.com ([klik hier](#)).



In the news: Red meat profitability and adaptability in the spotlight

The future of South Africa's beef industry took centre stage at the Red Meat Revolution Information Day in Pretoria on 21 January, where more than 260 producers, breeders, and specialists discussed practical ways to keep cattle farming sustainable and profitable.

During open discussions, auctioneer Johan van der Nest, who also served as moderator, said the event was aimed at encouraging new thinking in the red meat industry. "When you talk about a revolution in South Africa, you know something is going to happen, and today something big is going to happen," he said.

The day's programme got under way with a video presentation by Dr Bobbie van der Westhuizen, CEO of SA Stud Book, emphasising the critical role that genetics, performance data, and accurate record-keeping play in a modern beef production system. To read more about the day, [click here](#).

Stamboek-saamtrek: *Januarie 2026*

SA Stamboek se personeel het oudergewoonte in Januarie hul jaarlikse saamtrek gehou, waartydens planne vir die jaar in plek gesit is en die litte losgemaak is. Buiten werk, was daar tyd vir gesels en pret, want balans is immers belangrik!

